

Sondag 1 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 1:1-17

Fokusgedeelte: Matteus 1:1, 17

God vervul sy belofte van 'n Koning in Jesus

Hoe lank nog? Dis vir ons 'n bekende vraag, want ons as mense is haastig vir hulp. Kitsoplossings is waarna ons soek. Maar die Here werk anders. Op die regte tyd, deur Hom bepaal en op sy manier word sy beloftes vervul.

Aan Abraham gee Hy die belofte: "... in jou sal al die geslagte van die aarde geseën wees" (Gen. 12:3). Maar wanneer kom die Een in Wie hierdie belofte vervul sal word? Veertien geslagte later word hierdie belofte aan Dawid herbevestig: "... Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid" (2 Sam. 7:13). Maar wanneer kom hierdie ewige Koning tog? Nog veertien geslagte later kom die belofte aan die volk in ballingskap, van Een wat verbrysel sal word as skuldoffer vir baie en daarna op 'n ereplek sal sit en regeer (Jes. 53). Maar wanneer kom hierdie regverdigde Koning nou?

Dan, in die volheid van die tyd, word die beloftes van die Ou Testament vervul. Die lank beloofde Koning kom! Lukas wys juis op die vervulling van die belofte wat van Abraham deur Dawid loop, in hierdie geslagsregister wat uitloop op Jesus. Jesus, die Seun van Dawid én die Seun van Abraham. Maar dan Jesus, nie Seun van Josef nie. Nee, Josef, man van Maria uit wie gebore is Jesus ... Nie Josef nie, maar God self is verantwoordelik vir die koms van sy Seun uit die nageslag van Dawid.

Dis die troos wat Jesus se geslagsregister bring. Dit getuig van die koms van ons Verlosser, nie uit toeval nie, maar uit God se verbondstrou. Hy is Jesus, ons Verlosser soos reeds belof aan ons eerste ouers, Adam en Eva (Gen. 3). Hy het die ware en volkome verlossing gebring vir al die geslagte van die aarde, ook vir ons wat glo. Daarom kan ons ook vandag weet: Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gewee. Want Hy, ons HERE, bly altyd getrou aan sy beloftes.

Sing: Psalm 89-1:1, 2, 11

Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)